


GOD WORD GEÏDENTIFISEER

AAN SY KARAKTERTREKKE

 Hemelse Vader, ons dank U vir die voorreg van ons weer hier na Beaumont, Texas, te lei. Soos ek in hierdie balkonne rondkyk, die tye onthou toe ons tevore hier was, en die groot dinge wat U gedoen het, sit baie van daardie mense ongetwyfeld vanaand net hier. As U nie hulle siek liggame aangeraak het nie, sou hulle nie vanaand hier gewees het nie, maar U het, en hulle is hier. Baie herinneringe leef, dit sal tot in die Ewigheid met ons gaan.

² Ons bid dat U ons 'n groot uitstorting van die Gees sal gee. Seën ons bymekaar. Seën elke kerk, elke lidmaat.

³ En, Here, seën in besonder ons liewe jong broer hier, Broer Pearry Green, loop daar aan die voerpunt om Dit te probeer uitdra. Mag die mense van—van hierdie lieflike stad die—die gevoel sien wat hierdie jongman vir die mense hier het, om hulle na die Christus wat hy liefhet te bring. En hy probeer om elke bediening in te bring, wat hy dink wat reg sal wees, wat hy deur die Woord ondersoek het, en hy wil die mense gered sien.

⁴ Help ons Vader, in ons pogings, waar ons onself aan U gee, vir diens, tot die eer en heerlikheid van God. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

⁵ Nou, ons, onthou net, nou elke aand, bring iemand saam met jou, of bel en vertel iemand, en sê vir elke pastoor, elke kerk. Maak nie saak wat dit is nie, selfs al verskil hulle van ons, solank hulle inkom, gaan sit, julle gedra en vriendelik is, waardeer ons sekerlik dat julle hier is.

⁶ En nou bring jou Bybel, bring 'n potlood, skryf die teks neer. Gaan, ondersoek hulle, kontroleer hulle teen die Woord en kyk of hulle reg is of nie. Sien? En moet dan nie jou eie teologie neem nie, neem dit net op die wyse wat die Bybel geskryf is. Sien, baiekeer kan ons sê: “Dit beteken *dit*, dit is wat Dit beteken.” God het nie enige interpreteerder nodig nie, Hy interpreteer Sy Eie Woord. Sien?

⁷ God het gesê: “Laat daar lig wees,” en daar was lig. Dit het nie enige interpretasie nodig—nodig gehad nie. Hy. . . Dit het gebeur net soos Hy gesê het. Hy het gesê: “'n Maagd sal swanger word,” en sy het. Dit het geen interpretasie nodig nie.

⁸ God het sekere dinge vir hierdie tydperk belowe wat vervul moet word! Hy het dit gesê, dit het dan geen interpretasie

nodig nie. God het so gesê, en Hy interpreteer, Self, so daarom het die Bybel gesê Dis nie sonder enige private interpretasie nie. God interpreteer Sy Eie Woord deur Dit te bevestig.

⁹ Nou ek wonder of ons sal opstaan terwyl ons Sy Woord lees, uit die Boek van Hebreërs, die 1ste hoofstuk. Waarom ek julle vra om te staan, is ter ere van hierdie Woord. Ek glo die Woord is God: “In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.” “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd,” dis die tema van ons veldtogte. Daarom, wanneer ons Sy gedrukte Self hier lees in hierdie Woord, staan ons. Wanneer ons trou sweer aan die vlag, wanneer ons vlag verbygaan, staan ons ter ere van ons vlag, ons nasie, ons behoort dit te doen. Dan, hoeveel te meer behoort ons nie te staan wanneer ons die Woord van God lees nie! Hebreërs 1:1-3, waar ons lees.

*Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tye
gespreek het tot die vaders deur die profete,*

*Het Hy in die laaste dae tot ons gespreek deur die
Seun wat Hy as erfgenaam oor alles aangestel het,
deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.*

*Hy, wat in die afskynsel is van sy heerlikheid en die
afdruk van sy wese en alle dinge dra deur die woord
van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van
ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand
van die Majesteit in die hoogte.*

¹⁰ Laat ons bid. Nou hoeveel, met geboë hoofde en harte, wil graag in gebed aan gedink wees, dat deur hierdie byeenkoms, êrens, God jou versoek sal toestaan? Steek net jou hand op. Die Here sien julle hande.

¹¹ Ons Hemelse Vader, sover my menslike oë kan sien, was daar 'n massa hande. Vir seker as Broer Green se openbaring en my begeerte om te kom, reg. Nou, Vader, gee hulle hulle begeerte, volgens U Woord en U belofte. Ons dra hulle aan U op. En mag ons lewens so deur die Woord toegerus word, dat die Woord onder ons vlees sal word en die mense geloof sal gee om uit hulle rekening in die Hemel te onttrek, wat Jesus lank gelede vir hulle betaal het, vir hulle sondes en siektes, waar hulle op die reis is. Seën ons nou, bid ons, waar ons op U wag om U Woord aan ons te openbaar, en laat Dit vlees word onder ons. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. (Julle kan maar sit.)

¹² Nou ek wil, as julle net wil probeer om, moenie meer rondbeweeg as wat julle moontlik kan verhelp nie, ek bedoel opstaan en gaan, vir net die volgende vyf-en-veertig, vyftig minute, so-iets nie. Nou, die—die sp- . . .

¹³ Die ding is dit, ons wil weet wat is Waarheid. En dis die enigste een Waarheid wat ek ken, is die Bybel. Nou, God

gaan die wêreld eendag oordeel, ons glo dit, en elkeen van ons sterflikes gaan in Sy Teenwoordigheid ingebring word vir oordeel. Ek het 'n paar notas hier uitgeskryf, en Skrifte waarna ek oor 'n paar minute wil verwys.

14 Nou onthou, as ek vanaand sou vra: “Is daar 'n Katolieke hier?”

“Ja,” sou hulle sê. En miskien . . .

“Wel, waarvolgens sal God die wêreld oordeel?”

Hulle sou sê: “Die Katolieke kerk.”

15 Dan sou ek weer sê: “Watter Katolieke kerk?” Hulle verskil. Daar's baie verskille. Een is 'n Roomse, en die een is 'n Griekse, en die Ortodokse, ensovoorts. Ons het baie. As ek sou sê. . .

16 Die Metodis sou opstaan, sê: “Hy sal dit volgens die Metodiste kerk oordeel.” Wel, as dit so is, dan het die Baptis nie 'n kans nie. En as hulle dit volgens die Baptis oordeel, dan het die Metodis nie 'n kans nie.

17 Want, onthou, een klein verkeerde aanhaling van die Woord, een (nie alles nie, maar net nie een hele vers nie), net een klein jota van nie die Woord glo nie, het elke dood, elke siekte, elke smart veroorsaak. Dit was Ewa, in die tuin van Eden. Nou as dit alles dit gekos het, oor net een dame die Woord misverstaan het. . . Sy, sy het dit nie moedswilliglik gedoen nie, sy is “bedrieg,” het die Bybel gesê. “Bedrieg,” volgens die Woord, het dit alles veroorsaak, dan gaan ek en jy nie terug met enigiets minder as die hele Woord nie.

18 Nou, ek glo, die Bybel sê dat Hy nie sal, ek glo nie God sal die wêreld oordeel volgens die Pinksterkerk, volgens Metodiste, Baptiste, of Katolieke nie. Hy sal dit oordeel volgens Jesus Christus, Hy het so gesê. En Christus is die Woord: “In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Dieselfde gister, vandag, en vir altyd.”

19 Die hele ding is die groot Ewige. Ewigheid het nooit begin en kan nooit eindig nie. Daarom, in hierdie groot Ewige was eienskappe, om Vader te wees, om Seun te wees, om Verlosser te wees, om Geneser te wees, en al hierdie dinge was in Hom. En die enigste ding wat nou gebeur is om Sy eienskappe te vertoon. Dis al.

20 Nou, ons name is geplaas in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. En wanneer die Woord dit tref, as daar enige lig daar is wat tot Lewe bestem is, Jesus het gesê: “Niemand kan na My toe kom tensy My Vader trek nie, en almal wat My Vader My gegee het, sal na My toe kom.” So, sien julle, dis die Woord, voortdurend, die Woord, die Woord.

21 Nou, ek wil vanaand oor die onderwerp praat, getrek uit 'n verband met hierdie teks wat ons gelees het: *God Word Geïdentifiseer Aan Sy Karaktertrekke*.

22 Nou, byna alles wat ons kry kan aan sy karaktertrekke geïdentifiseer word.

23 Nou, ons let op, soos in die dierelewe, jy neem byvoorbeeld in voëllewe. Nou, jy neem byvoorbeeld 'n—'n geelgors, wanneer hy vlieg, en 'n spotvoël, hulle lyk baie na mekaar. Maar die karaktertrek van die geelgors, hy klap sy vlerke en val, en dan op-en-af, op-en-af. Dis die karaktertrek. As jy oplet, die spotvoël vlieg meer in 'n reguit lyn.

24 Hou jy die kwartel dop wanneer hy opstaan, die witkwas, hoe hy vlieg. Hou die Gambel-kwartel dop wanneer hy opstaan, julle jagters. Sien julle, daar's 'n verskil. Kyk na die klein snip en die Wilson se snip, die karaktertrek bepaal wat hy is.

25 'n Groot skaap wat teen die berghang staan, as hy sy rug gedraai het, die agterste deel van die lyf is wit, die ander deel is grys. As jy nie die karaktertrek van daardie skaap geken het nie, kon dit 'n takbok gewees het. Sien? Sien, jy moet die karaktertrekke van hulle ken, om vas te stel wat dit is en wat dit nie is nie. Baie dinge sou ons kon voortgaan om julle oor dierelewe te vertel.

26 Dan kom ons daar by die menslike lewe, die karaktertrekke tussen 'n man en 'n vrou. Daar's 'n verskil. Hulle is albei menslike wesens, maar die karaktertrekke van die twee geslagte onderskei hulle. Ek het gelees 'n tyd gelede oor een van die probleme wat gestel was aan die—die toets vir Salomo, deur die koningin, dat sy 'n paar vroue soos mans laat aantrek het. En Salomo het hulle laat loop en 'n paar dinge laat doen, gou het hy gesê: "Hulle is vroue." Sien, omdat hy die manier waarop hulle dit gedoen het, kon onderskei, dat die—die karaktertrekke van hulle was vroue. Daar's iets daaraan, dat jy dit nie kan wegsteek nie, dis—dis 'n vrou omdat haar—haar karaktertrek haar as 'n vrou aandui.

27 Dis net soos regterhand en linkerhand by mense. Hulle is beide mense. Jy hou dop, en een van hulle is regshandig en die ander is linkshandig. Kyk na die manier waarop hulle karaktertrekke hulle aandui, jy kan sê of hulle regs- of linkshandig is of nie. Sien? Tog het hulle albei hande, beide hande lyk net presies dieselfde, net presies dieselfde.

28 Ek kan hier iets laat val. Jesus het gesê, in Mattheüs, 24ste hoofstuk, dat: "In die laaste dae sal die twee geeste so naby mekaar wees dat dit selfs die uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was."

29 Nou, dis net soos om na 'n regterhand en 'n linkerhand te kyk. Hulle het albei duime, vingers, naels, pinkies,

middelvingers, sovoorts, wysvingers, almal is verskillende vingers. Hulle, beide die duimafdrukke, die een is net eenkant toe gedraai en en een anderkant toe, beide dieselfde afdruk, op dieselfde manier gemaak, die duimafdrukke. Alles is identies dieselfde, die enigste verskil is die karaktertrek daarvan. Een is 'n linkerhand en een is 'n regterhand, dis die enigste verskil.

³⁰ En dis net hoe die geeste sal wees in die laaste dag, hulle sal, net die karaktertrek daarvan sal aandui of dit van God af is of nie. Een van hulle sal reg wees en die ander een sal verkeerd wees, jy sal dit net aan die karaktertrekke van God uitken. Net perfek, dit sal so moet wees. Maar regterhand, sal ons sê is “reg,” en die linkerhand is “verkeerd,” sien, of omgekeerd, een van hulle. Hulle word deur hulle karaktertrekke bepaal. Jy kan dit net ken aan sy karaktertrekke.

³¹ Soos Israel op sy reis was, toe hy uit Egipte uitgekom het. Nou, God was met Israel, Hy het hulle 'n groot teken daaronder gewys, 'n profeet na hulle toe gestuur en Sy geskrewe Woord geïdentifiseer. En soos Hy hulle daarheen gebring het, kyk ons na Sy karaktertrek, hoe Hy Moses ontmoet het, die dinge wat Hy gedoen het. En op sy...die pad daarheen, het hulle by 'n ander nasie gekom, wat Moab was. En Moab was 'n groot nasie, nou, nie heidens nie, glad nie. Dit was Lot se dogters se kinders, en hulle was gelowiges. Nou, hou die twee nasies dop. Een van hulle is 'n erkende nasie, die ander een is net 'n reisiger. En nou kom hulle by die plek dat hierdie groot nasie Moab reg in die pad lê van hulle verpligting, om na die beloofde land te gaan. Nou hulle het gehad... .

³² Kyk na die—die twee nasies, elkeen van hulle het 'n profeet gehad. Een van hulle was die groot leraar en profeet, Bileam. Die ander een was Moses. Nou Bileam kom aan van...om Israel te vervloek.

³³ En, let op, albei van hulle was absoluut fundamenteel. Die profeet, fundamentaliste van Bileam, het gesê: “Bou vir my sewe altare,” dis presies God se getal. “En offer op elke altaar 'n rein offerhande, 'n bulkalf,” wat presies dieselfde offerhande is wat hulle in die laer van Israel gedoen het. En hy het gesê: “Op elke altaar, offer ook 'n ram,” wat spreek van die koms van Christus. En onder in Israel het hulle dieselfde offerhande geoffer.

³⁴ Dieselfde altare, dieselfde God, maar een van hulle was verkeerd en die ander een was reg. En nou die enigste manier dat jy kon sê wie was... .Wanneer dit, fundamenteel, by die Woord kom, was albei van hulle reg. Maar, sien julle, een, sy motiewe was verkeerd, hy het probeer om sy broer af te sny van die lyn van belofte wat God hom gegee het.

³⁵ Nog iets, die een, die profeet van Bileam, was fundamenteel, maar die profeet, Moses, is geïdentifiseer deur die karaktertrekke van God. Daar was die Vuurkolom, bonatuurlike Lig wat oor hulle hang. En daar was groot genesings in hulle laer, bonatuurlike God wat bonatuurlike tekens toon. En hulle het presies gebly by die Woord van belofte wat God Abraham gegee het destyds toe beide nasies begin het. Maar, nou, Moses het Abraham se belofte gehad, het na die beloofde land gegaan. Bileam, ook 'n profeet van die Here, het daaronder gestaan. En die enigste manier wat jy kon identifiseer, nie uit hulle fundamentele leer nie, maar deur die karaktertrek van God.

³⁶ Daar was die geluid van 'n—'n uitroep van die stem van die Koning hieronder by Israel. Die versoening was aan die gang, 'n Koperslang, 'n geslane Rots. En God was met hulle, het Homself in 'n bonatuurlike Lig geïdentifiseer, en hulle krankheid en siektes genees soos hulle voortgegaan het. Die karaktertrekke het bewys wat Hy was, gebly in lyn met die Woord vir daardie tydperk, vir die tydperk waarin hulle gelewe het. God se karaktertrekke het Homself geïdentifiseer met Moses. Sien, die karaktertrekke van God het met Moses geïdentifiseer. Die Vuurkolom, die versoening in werking, die bonatuurlike, geslane Rots, en hulle... ook die Koperslang, wat van genesing spreek, en dan—dan was hulle weer op die weg van verpligting, van die belofte van God.

³⁷ Weereens, God se karaktertrekke is nie natuurlik nie. God se karaktertrek is bonatuurlik, want Hy is 'n Skepper. Hy is 'n Bonatuurlike. En wanneer God se karaktertrek homself begin vertoon, is dit so buitengewoon vir die moderne denke dat dit hulle van koers af gooi. Hulle kan Dit nie verstaan nie, tog wyk Hy nooit van Sy belofte af nie. God het vir alle tydperke, het ek gesê, die Woord toegeken.

³⁸ Laat ons net, as 'n voorbeeld, een neem. Daar was Josef, die man van Maria. En nou was hy verloof aan hierdie jongdame, en hulle sou trou. Maar toe voor hulle bymekaar gekom het, is sy met 'n kind van die Heilige Gees gevind.

³⁹ Nou, ons glo dit almal, as ons Christene is. Ons moet dit glo ten einde 'n Christen te wees. Dis die Bybel. Jy moet elke Woord in die Bybel glo, om 'n Christen te wees. Nou, omdat as die Heilige Gees *hierbinne* is, sal Dit elke Woord en elke belofte met 'n “amen” beklemtoon.

⁴⁰ Want, nou, Josef was 'n regverdige man, hy was 'n goeie man. En sonder twyfel het Maria hom van die besoek van Gabriël vertel, en hoedat sy deur die Heilige Gees oorskadu moes word, en swanger sou word en 'n Seun baar, en Sy Naam moes “Jesus” genoem word, hoedat sy dit aan Josef moes vertel het. En Josef kon in haar groot, bruin oë kyk, en hy kon die

onskuld daarvan sien, en hy wou dit glo. Hy wou dit glo met sy hele hart, tog was dit te ongewoon, en hy was van voorneme om haar weg te sit, privaat.

⁴¹ Nou, as 'n mens opreg is daarmee, sal God 'n weg baan om daardie man te wys dat dit die Waarheid is. Hy's verplig, as jy opreg is. As jy Dit sien, en Daarvan af wegstap, dan moet jy geoordeel word. Maar, as jy opreg is en die Waarheid sien!

Nou, Josef was net “van voorneme.” Hy het gesê: “Dis so buitengewoon!”

⁴² Dis hoe dit vandag is, dat mense, goeie manne, agtermekaar manne, goeie karakter-manne, goeie predikers, baie van hulle, priesters ensovoorts, is goeie manne, maar die bonatuurlike bevestiging van die belofte van hierdie dag is so ongewoon, dit gooi hulle van hulle balans af. Dit doen dit omdat dit die karaktertrek van God vertoon.

⁴³ Nou, Josef, haar man, synde 'n regverdige man, nie gewillig om van haar 'n publieke voorbeeld te maak nie. Hy kon dit nie glo nie; hy—hy het probeer. Maar terwyl hy oor hierdie dinge gedink het, het die Engel van die Here met hom gepraat en vir hom vertel.

⁴⁴ Nou, Hy hoef nie altyd in 'n droom te praat nie, Hy kan Homself aan jou openbaar deur die Woord, en jou wys dat Dit reg is, as jy opreg genoeg is om Daarin te kyk, en te sien of dit God se karaktertrek is wat homself vertoon, maar altyd in elke ooreenstemming met die beloofde Woord.

⁴⁵ En nog 'n ding, die Woord van God korrigeer altyd die fout. Glo julle dit? Die Woord handel dit af. Wanneer God daardie Woord bevestig, dit handel dit af.

⁴⁶ Nou laat ons, net een in my gedagte wil ek graag dink. Ons sal nie te veel tyd in beslag neem nie, want ons wil vir 'n paar siekes bid. Laat ons sien. Toe Jesus, synde die Woord. . . Die Bybel het gesê Hy is die Woord. Ons stem almal daarmee saam, dat Hy die Woord was. Let op toe Hy twaalf jaar oud was. Nou, ons het geen rekord dat Hy skool toe gegaan het nie. Maar 'n klein twaalfjarige seuntjie omtrent so lank, hulle, Sy ouers, Maria en Josef het na die tempel toe gegaan om. . . na die. . . om te aanbid met die paasfees. En terwyl hulle daarbo was, het hulle vertrek terug huis toe na die paasfees, hulle het drie dagreise gereis, en hulle kon Jesus nêrens kry nie. En uiteindelik het hulle Hom gekry, na drie dae van na Hom soek, in die tempel, verskil van daardie oudstes oor die Woord van God.

⁴⁷ En luister nou na Maria. Nou vir die mense wat haar vir 'n godin aansien, kyk. Sien julle, die—die vrou is bedrieg in die begin. En kyk hier na haar. As jy dit nog nooit opgelet het nie, kyk hierna. Sy het gesê: “Ek en U vader het U gesoek met trane.”

Let op, sy het die getuienis weerspreek (voor daardie priesters) waaraan sy getuig het. Sy het gesê sy “het deur die Heilige Gees swanger geword,” en hier noem sy “Josef” Sy vader.

48 Kyk nou na daardie twaalfjarige Seun, wat die Woord vir daardie uur is. Hy was die belofde Woord vir daardie uur, die gesalfde Messias. Kyk wat Hy gesê het: “Weet julle nie dat Ek met die dinge van My Vader besig moet wees nie?” Die Woord korrigeer die fout. Sien, en die Bonatuurlike, ’n twaalfjarige Kind! Ek dink nie dat Jesus verstaan het wat Hy gesê het nie, maar Hy was die Woord, en die Woord korrigeer die fout. Sien, Hy het Sy moeder gekorrigeer, en het haar tereggewys deur so te sê. Nou, as dit—dit Sy vader se dinge was, sou Hy by Sy vader gewees het, as Josef Sy vader was.

49 Maar, sien, sy heel ontsteld en opgewonde, soos Eva was, en beïnvloed, wel, sy het gesê: “Ek en U vader, het U gesoek, met trane.”

50 Hy het gesê: “Weet julle nie dat Ek met die dinge van My Vader besig moet wees nie?” Kyk hoedat die Woord korrigerend is, Dit korrigeer die fout.

51 Satan het ’n fout gemaak toe hy Jesus probeer versoek het. Maar Hy het met Sy Eie Woord teruggekom, en hom met die Woord verslaan.

52 “God,” het die Bybel hier gesê: “het baiekeer en op baie maniere, Homself vir Sy profete geïdentifiseer, Hy het tot die vaders gespreek deur die profete.” Nou, Sy karaktertrek van Homself te identifiseer getoon, sien, aan die mens, Hy het tot die profete gespreek. Die profete, hulle visioene, bevestig, was—was God se karaktertrek wat deur die profeet se visioen bekendgemaak is.

53 Nou, geen mens kan ’n visioen verduidelik nie, daar’s geen manier om dit te doen nie. Dis bonatuurlik. Dis iets wat jy sien wat al was, wat is, en wat sal wees. En dit was God se manier, van ’n man te stuur wat daardie dinge gesê het en dinge getoon het wat vervul sou word (nie net vanaand nie) elke aand, elke keer. Alles wat hy gesê het moes perfek by die Here wees, moes die Woord van die Here wees.

54 Hierdeur, is gawes en roepinge sonder bekering. Jy kan nie jou oë bruin maak as hulle blou is nie. Jy kan jouself nie ses voet maak as jy net vier voet is nie. “Wie deur hom te bekommer, kan een el by sy lengte voeg?” Ons is, beide, wat ons is deur die genade van God.

55 Nou, gawes en roepinge is sonder bekering. Hierdie profete is profete gebore. Moses is ’n mooi kind gebore. Jesus was die Seun van God, van voor die grondlegging van die wêreld af, die eienskap van God. Jeremia . . . -twaalf, sewehonderd-en-twaalf jaar, reken ek was dit, voor hy gebore is, was hy die

stem van een. . . Nee, verskoon my, Hy is bestem as 'n profeet vir die nasies, en is—en is geheilig in sy moeder se skoot en as 'n profeet vir die nasies bestem. Johannes die Doper, waaraan ek dink, was sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is. Hy was die stem van een wat roep in die wildernis.

⁵⁶ Sien, dis God wat plaas. Hy stuur 'n mens, neem die Woord van daardie tydperk. Maar nou voor jy daardie Woord van daardie tydperk kan glo, identifiseer Hy Homself in Sy karaktertrek, sien, deur kennis, deur visioen. Hy het dinge gesê wat sou gebeur, en dit gebeur. En God het gesê: “Wanneer dit gebeur, glo julle dan hy het die interpretasie van die Woord, omdat die Woord van die Here tot hierdie man gekom het.” En sy getuigskrifte, hy word geïdentifiseer deur 'n siener te wees, in die Ou Testament. Net so duidelik as wat dit kan wees! Sy karaktertrekke word geïdentifiseer, bekendgemaak, sy karakter.

⁵⁷ Nou, dis hoe “God baiekeer gehandel het,” sê die Bybel “op baie maniere, het Hy tot die vaders gespreek deur die profete, maar in hierdie laaste dae spreek Hy deur Jesus Christus, Sy Seun.”

⁵⁸ Nou, Jesus het gesê, in Johannes 10:37: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet dan nie in My glo nie.”

Sien, hulle het gesê: “U is 'n Mens, en maak Usself God.”

⁵⁹ Hy het gesê: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie.” Nou, Hy het gesê: “Johannes was 'n helder en skynende lig. Julle, groot, julle wandel graag in sy lig vir 'n tyd. Nou Johannes het gesê: ‘Ek moet minder word, Hy moet meer word.’” Hy was die Lig van die wêreld, omdat Hy die bevestigde, geïdentifiseerde Woord was wat vlees geword het. Sien, Hy was God met ons.

⁶⁰ Die profete was God by hulle. Jesus het so gesê. Hy het gesê: “As julle hulle na wie die Woord van God gekom het ‘gode’ noem, hoe kan julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?” Sien? Dis waar die Woord wat deur God gespreek is, bevestig word, dan is dit God wat Homself bekendmaak deur Sy karaktertrek, Sy Woord wat vervul word. Dit benodig geen interpretasie nie. Dis alreeds geïnterpreteer, Self, bewys wat Dit is.

⁶¹ Net dieselfde as toe Hy gesê het: “laat daar lig wees,” en daar lig was, jy hoef nie te sê: “Wel, wat het dit beteken?” nie. Dit beteken net, daar as dit, dit bewys dit. Dit is alreeds vervul.

⁶² Nou Jesus het gesê dat: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie,” of met ander woorde: “as Ek nie die karaktertrek van My Vader het nie, moet dit nie glo nie. Hulle identifiseer My karakter, Wie Ek is. As julle My nie kan glo nie, glo dan

die identifikasie wat God gegee het. As julle—as julle nie. . . . As Ek dit nie doen nie, as My karakter nie My posisie identifiseer nie, moet dan nie My aansprake glo nie.” Sien? Begryp julle dit vanaand? Hoeveel verstaan dit, steek jou hand op. Sien? “As My karakter nie identifiseer Wie Ek daarop aanspraak maak te wees nie,” het Jesus gesê: “moet julle dan nie glo die. . . . As julle My nie kan glo nie, glo net die—die—die identifikasie van die karakter wat Ek is.”

⁶³ Johannes 14:12: “Hy wat glo,” het Jesus gesê: “in My, die werke wat Ek doen sal hy ook doen.” Nou kyk: “Hy wat in My glo,” ’n ware gelowige: “die werke wat Ek doen sal hy ook doen.” Let op. Met ander woorde, soos dit: “Hy wat in My glo, sal geïdentifiseer word deur My karaktertrek, die werke.” Nou, dis wat Hy gedoen het. Hy het gesê: “As Ek nie die Vader se werke doen nie, moet My dan nie glo nie.” En die Vader het tot die profete gespreek, en dit was hulle karaktertrek, identifikasie. So was dit met Jesus. En het dit belowe aan hom wat glo: “My karaktertrekke sal in hom doen net soos dit in My gedoen het. En as Ek die werke van My Vader nie doen nie, moet My dan nie glo nie. Maar as Ek die werke doen, en julle kan My nie glo nie, glo dan die werke, want daar is van gespreek, dit moet wees.”

⁶⁴ Hy het gesê: “Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle Ewige Lewe, en Hulle is Dit wat julle vertel Wie Ek is.” Dit was Jesus, sien, God gemanifesteerd wat Homself vertoon. “Hulle getuig Wie Ek is.” Dit maak Hebreërs 1:1 nou: “God het baiekeer deur die profete gespreek,” die karaktertrek van die opstanding van Sy Seun nou duidelik geïdentifiseer. God het toe deur die profete gespreek, nou deur Sy Seun. Die onveranderlike God, dieselfde karaktertrek: “Die werke wat Ek doen sal julle ook” God, bekend deur Sy geïdentifiseerde karaktertrek. Dis hoe jy weet.

⁶⁵ Julle sê: “Wel, ek sê vir jou *dit*, ons sing *dit*, ons doen *dit*, en ons doen dit wel.” Dis nie waarvan ek praat nie.

⁶⁶ Ek praat van die Woord wat gemanifesteer word en die. . . . daardeur die karaktertrekke van die beloofde Woord vir die tydperk identifiseer.

⁶⁷ Daardie Fariseërs het daardie Bybel so goed geken soos enigeen, beter as wat enige van ons kerklikes ons s’n vandag ken. Hulle moes Daarvolgens lewe. Hulle groot-grootjie was priesters. Hulle het Dit bestudeer, dag en nag, en hulle kon nie daarin slaag om daardie geïdentifiseerde Woord te sien nie.

⁶⁸ Vandag, Luther het gesê: “Wanneer jy glo, het jy Dit.” Die Metodis sê: “Wanneer jy uitroep, het jy Dit.” Die Pinkster het gesê: “Wanneer jy in tale gepraat het, het jy Dit gehad.” Ons vind dit alles verkeerd! Party van hulle het gesê: “Die vrugte

van die Gees het Dit.” En dis verkeerd! Die enigste getuienis is, is met die bevestiging, wanneer God Self Homself identifiseer in die beloofde Woord van die uur. Daar is dit.

⁶⁹ Wie het meer vrugte van die Gees gehad as daardie vriendelike ou priesters, het die kinders besny en hulle geseën, en wat nog? En hier was hierdie kêrel Jesus, het aangekom, hulle offerklippe omgeskop, met woede na hulle gekyk, hulle geslaan, hulle uitgejaag, geen identifikasie van niks. Die Skrif is Sy identifikasie! Hy het geen lidmaatskapkaart gehad nie, Hy het aan geen organisasie behoort nie. Maar God het van Hom gespreek, dit was Sy identifikasie!

⁷⁰ Dis die egte identifikasie van God in enige uur, is Sy identifikasie. Dis wat dit is, die Skrifte wat belof is, geïdentifiseer gemaak deur die karaktertrek van die belofte, wat God is, en God is die Woord. En die karaktertrek van daardie belofte wat geïdentifiseer word, dit maak die gelowige. Jesus het so gesê, en dit handel dit af. Amen.

⁷¹ Let op, ons vind nou uit, die karaktertrekke het Hom geïdentifiseer. “As. . .” Hy het gesê: “As dit dit nie doen nie, moet My dan nie glo nie.” Nou, Jesus het gespreek dat dit Hom sou identifiseer.

⁷² En onthou nou, dat in hierdie dae, hierdie laaste dae, het Hebreërs 1:1 gesê: “God het baiekeer en op baie maniere tot die vaders gespreek deur die profete. Het in hierdie laaste dag tot ons gespreek deur Sy Seun, Jesus Christus.” Sien? Identifikasie van God Self gemanifesteer op dieselfde manier as wat Hy in die voortyd gedoen het, gebruik Sy selfde karakter. Amen. Let op Hebreërs 13:8, sê: “Hy’s dieselfde gister (baiekeer), vandag, en vir altyd dieselfde!” Sy selfde manier, Sy selfde wyse, Sy selfde karaktertrek, alles is dieselfde! God, die onveranderlike God kan net so min wegkom van daardie karaktertrek as wat Hy van Sy gebod kan wegkom. Dis wat Hy is, Hy is die Woord. Hy’s die Woord vir die uur. Hy’s die Woord toe Hy die wêreld geskape het, was dit die Woord. Toe Hy die mens geskape het, was dit die Woord, Sy eienskappe. Toe Hy Christus geskape het, was dit God, Emmánuel. En toe Hy Hom ’n Verlosser gemaak het, was dit Sy eienskappe. Toe Hy Hom ’n Geneser gemaak het, was dit Sy eienskappe. Sien? Dis die Woord wat altyd geïdentifiseer word, die geïdentifiseerde Woord deur die karaktertrek van God. Let op die manier, Hy altyd, Hy verander nooit.

⁷³ Kyk na die drie manne wat na Abraham, wat daardie dag in sy tentdeur gesit het, gekom het. Ons sal daar na hom kyk vir ’n paar minute. Hy het gekom, hy is geroep uit die land Chaldea, Chaldeërs, en die stad Ur. Hy is uit sy stad weggestuur, deur die opdrag van God, dat hy homself afsonder van alle ongelooft. Dis die eerste karaktertrek van God, sonder jouself af van ongelooft, wanneer Hy ’n man roep!

⁷⁴ En Hy het hom iets gegee wat absoluut, totaal onmoontlik vir die natuurlike verstand was, om dit te glo. Hy het gesê: “Abraham jou . . .” Hy was vyf-en-sewentig jaar oud, en Sara was vyf-en-sestig. Hulle, dit was sy halfsuster, hulle het al hierdie jare saamgelewe met geen kinders nie. Hy het gesê: “Ek gaan jou ’n seun gee by Sara, en hy sal, deur hom, sal Ek jou ’n vader van baie nasies maak.” Nou, hy het dit geglo.

⁷⁵ Tyd het verbygegaan, geen verandering in Sara nie. Sien? Sy was verby die ouderdom, sy—sy was verby menopouse. Vyf-en-sestig, sy het al klaar by daardie tyd verbygegaan. Abraham, vyf-en-sewentig, sy liggaam so goed as dood. Haar skoot was so goed as dood. Maar Abraham het nooit getwyfel aan die belofte van God, deur ongeloof nie. Hy het bly glo, omdat God dit gesê het, en was oortuig: “As God dit gesê het, Sy karaktertrekke sal tot stand bring wat Hy gesê het!” Nou, ons is veronderstel om die kinders van Abraham te wees, die Saad van Abraham! By, by, die vyf-en-twintig jaar het verloop. Geen verskil in Sara nie, niks nie; net sy was ouer, neergeboë, en hy was ook. Maar steeds het Abraham dit geglo.

⁷⁶ En eendag, toe God gesien het dat Sy dienskneg vasbeslote was om ’n voorbeeld te wees vir die mense van vandag, en deur hom sou Hy die nasies seën, een warm oggend teen omtrent elfuur, het drie manne na hom aangestap gekom. Hulle het met hom gepraat. En hy het hulle ingenooi om te gaan sit. Daar was iets aan hulle wat anders as mense gelyk het. Geestelike dinge word verstaan deur geestelike dinge. Let op, en hulle het nadergekom en gaan sit. Abraham het hulle deurgekyk, hy het gesê: “My Heer.” Wat moet hy doen?

⁷⁷ Twee van hulle het gegaan en in Sodom gepreek, wat vandag ’n moderne getuienis is. Daar’s jou drie klasse mense: Sodom, en die kerk onder in Sodom, Abraham die Uitverkorene is nie in Sodom nie. Twee boodskappers, ’n moderne Billy Graham en . . . Onthou, van al die boodskappers na die kerk, was daar nooit ’n man wat ooit uitgegaan het in daardie kerk nominaal daar, wat sy naam in h-a-m geëindig het, tevore nie. Was Finney, Sankey, Knox, Calvin, ensovoorts, Billy Sunday, en wat nog, maar nooit G-r-a-h-a-m, of enige wat met h-a-m eindig nie, wat “vader van nasies” beteken. Daar het hy daarheen gegaan, gepreek. Kyk na die uur! Hier is die skyngelowiges, ongelowiges, en gelowiges. Hierdie drie manne het gekom. Twee van hulle het daar na die stad toe gegaan, ’n moderne Billy Graham en Oral Roberts daar tussen die mense, gepreek. Die opset, Jesus het daarna verwys.

⁷⁸ Let op, die Uitverkorenes was aan die opkom, het hier aan die buitekant gesit, Abraham en sy groep. En toe hierdie Man wat by Abraham gebly het, hou Hom dop, Hy het die karaktertrek van God vertoon, want Hy het gesê: “Waar is

Sara?” Haar naam was Sarai, dag tevore; nou is dit Sara, S-a-r-a. Het gesê: “Abraham,” nie Abram nie: “Abraham, waar is jou vrou, Sara?”

Het gesê: “Sy’s in die tent agter U.”

⁷⁹ Het gesê: “Ek gaan jou besoek.” Toe het Abraham na daardie uitspraak geluister. “Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe.”

⁸⁰ En Sara het gelag, as’t ware, in haar mou, by haarself, en het gesê: “Ek oud, en my heer oud, dat ons weer plesier sal hê soos jong mans en vroue? Sover as—as menslike verhouding, miskien, het baie jare verbygegaan. Ek?” Sy het gelag.

⁸¹ En die Man, het gekyk na Abraham, Sara in die tent agter Hom, gesê: “Waarom het Sara gelag, gesê hierdie: ‘Hoe kan hierdie dinge wees?’” Hy het Homself geïdentifiseer.

⁸² En Abraham het Hom “Elohim” genoem. Nou, enige van julle Bybellesers weet dit. Elohim, God, die algenoegsame Een, sien, geïdentifiseer in ’n menslike liggaam wat die vleis van ’n kalf geëet, die melk van die koei gedrink, en die brood en botter geëet het. Elohim het die karaktertrekke van God geïdentifiseer, en Abraham het Hom “God” genoem. Wat? Hy is geïdentifiseer, Elohim!

⁸³ Jesus het gesê, in Lukas, die 17de hoofstuk, wanneer in die laaste dae (God het baiekeer deur die profete gespreek, in die laaste dae deur Sy Seun), nou kyk, Hy het gesê: “In die tyd wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” Kyk: “geopenbaar,” bekendgemaak in hierdie laaste dae voor die endtyd, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word, sal hierdie opset van Sodom weer terugkeer. “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, wanneer Hy geopenbaar word, bekendgemaak aan die Kerk, aan die Uitverkorenes (nie die Sodom of die Sodomiete, of diegene daar in Sodom nie), aan die Uitverkorenes.” Abraham was die Uitverkorene. En die koninklike Saad van Abraham is die gelowiges, deur Christus Jesus die Woord, en is die Uitverkorenes. En wanneer die Seun van die mens geopenbaar word, sal daardie opset weer daar wees.

⁸⁴ Kyk vandag na die wêreld. As dit nie ’n gewone Sodom en Gomorra is nie, het ek nog nie een gesien nie. Sodom en Gomorra! Kyk na die kerk, soos Lot wat daar gesit en sy regverdigesiel versondig het soos hy die sondes van Sodom gesien het. Menige prediker wat sit in sy . . . ’n Goeie man sit in sy studeerkamer, maak sy teks reg ensovoorts, kyk uit op die straat en sien vroue met kortbroeke aan, en onsedelikheid en dinge, en sulke dinge wat aangaan, hy kan niks daarvoor sê nie, sy organisasie sal hom uitsit. Lot het nie die moed gehad om op te staan vir Dit wat reg was nie, so is die moderne Sodom en Gomorra vandag.

⁸⁵ Maar daar is sommige van hulle wat buitekant Sodom is, wat daar buite gebore is, nie deur die wil van die mens nie, maar deur die wil van God en die Saad van God. Kyk daar na die identifikasie, nie net die prediking nie, maar die teken het die Woord van God wat in 'n mens vlees geword het, geïdentifiseer. Die opset keer terug net soos dit was, en dis presies daardie dag. Alles is perfek, alles sit reg in lyn. Wens ons het tyd gehad om 'n paar minute daarmee voort te gaan, maar ons het nie, so ons sal opskud. Die opset moet weer vervang word in die laaste dae.

⁸⁶ Nou, Hebreërs 10:1: “God het baiekeer, deur die profete, Homself geïdentifiseer. En het in die laaste dag Homself geïdentifiseer deur die Seun,” Hom Hebreërs 13:8: “dieselfde gister vandag, en vir altyd,” gemaak.

⁸⁷ Let op, God, het baiekeer met Moses gepraat. En nou, en onthou, Hy het Homself geïdentifiseer deur 'n Lig, Vuurkolom in 'n brandende bos. Dis hoe Hy dit baiekeer gedoen het. En Hy het met Moses gepraat. En daardie Lig, wat het Dit gedoen? Dit het die karaktertrek van God voortgebring, Dit het die Woord gespreek: “Ek het die versugtinge van My volk onder in Egipte gehoor. Ek het hulle kreune gesien en hulle krete gehoor, en Ek onthou My Woord. Ek sal afkom, 'n Vuurkolom, 'n Lig, om te gaan en die volk te verlos. Ek stuur jou, Moses.”

⁸⁸ Kyk na die karaktertrekke van God. Het 'n handvol stof opgetel en dit in die lug opgegooi, en dit het in vloeie verander. Die Skepper-karaktertrek van God was in Moses.

⁸⁹ En Moses het gespreek, in Deuteronomium 18:15, en gesê: “Die Here julle God sal 'n Profeet oprig, soos ek is.” Nou kyk, dis weer die Woord, karaktertrek. God wat deur Moses spreek, vir hulle sê dat die Here Een soos hy sal oprig. Nou let op hoe Jesus se karaktertrekke Hom geïdentifiseer het as synde hierdie beloofde Woord. Toe Moses gesê het dit sou wees, het die karakter van Jesus dit geïdentifiseer. Let nou op: “Die Here julle God,” dis God, dis die Woord: “sal 'n Profeet oprig, soos ek. Wie nie daardie Profeet wil glo nie, sal weggesny word onder die volk uit.” Nou kyk, toe Jesus gekom het, watter soort karaktertrek moes Hy dan hê? Sien, let nou op die beloofde Woord, Hy is beloop 'n Profeet te wees soos Moses.

⁹⁰ Nou, hulle het allerhande soorte leraars gehad, allerhande soorte rabbi's. Hulle het vir vierhonderd jaar nie 'n profeet gehad nie, sedert—sedert Maleági, en nou ewe skielik, hier verskyn 'n Man op die toneel.

⁹¹ Nou, daar was 'n visserman, twee van hulle, seuns van 'n man, en een van hulle, sy naam was Andréas, en die ander een se naam was Simon. Hulle is vertel deur hulle vader dat hoe om te kyk in die dae; daar is baie vals dinge opgerig. Die ou man . . . Ek het eenkeer 'n boek gelees, waar, dit kon fiksie

gewees het, ek weet nie, dat hy gesê het: “Seuns, nou net voor die koms van die Messias, waarna ons uitsien, sal daar ’n tyd wees waar daar allerhande dinge sal gebeur. Maar die manier waarop julle hierdie Messias sal ken, Hy sal volgens die Skrif wees. Hy sal ’n Profeet wees, want die Woord van God het gesê Hy is ’n Profeet.”

⁹² Andréas het Johannes gehoor. Wel, al wat Johannes gedoen het, was net te profeteer. Julle weet, Jesus het gesê: “Julle het in Johannes se lig gewandel, maar Ek het groter Lig as Johannes. Ek het ’n groter identifikasie as Johannes, want die werke wat die Vader My gee om te doen, hulle getuig van My.” Johannes het net gepreek, hy het net vooruitgeloop, hy het geen wonderwerke verrig of enige karaktertrekke van God vir die belofte nie. Maar hier kom Jesus met daardie karaktertrek!

⁹³ Simon het uitgegaan om na Hom te luister op ’n dag, en net toe... Simon het miskien saam met Andréas gegaan. Andréas was voortdurend by. Maar, Simon, toe hy in die Teenwoordigheid kom! Nou luister, ter afsluiting. Toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus kom, het Jesus na hom gekyk, Hy het gesê: “Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.” Sien, die karaktertrek van wat belowe is, is in Hom geïdentifiseer.

⁹⁴ Daardie man kon nie sy naam skryf nie, die Bybel het gesê hy was beide onkundig en ongeletterd. Maar dit was so ’n identifikasie dat hy gou al sy ongeloof laat vaar het, en hy het gesê: “Dis die Messias waarna ons uitgesien het!” Goed, hy het Dit geglo.

⁹⁵ Daar het een opgestaan met die naam van Filippus, wat om die stad gehardloop het, die heuwel, die platteland, omtrent vyftien myl, en ’n vriend gaan haal het, die volgende dag met hom teruggekom het, met die naam van Natánael. Hy het hom onder ’n boom gekry, aan die bid. Hy het gesê: “Kom, kyk Wie ons gekry het, Jesus van Násaret, die seun van Josef.”

⁹⁶ Hy het gesê: “Nou, nou, nou! Kan daar iets goeds uit Násaret kom, uit daardie klomp lae-klas mense daar?”

Hy het gesê: “Kom kyk!”

⁹⁷ Dis die beste, dis die beste opmerking wat ’n man kan maak. Moenie tuis bly en kritiseer nie. Kom en vind uit, ondersoek die Skrifte! Kom, kyk!

⁹⁸ Op die pad daaromheen, hulle het omgeloop, gepraat oor wat plaasgevind het, hoe hy hom vertel het van Simon wat deur Hom herken is, sy vader ensovoorts.

⁹⁹ Toe toe hy in die ry nadergekom het, kon ’n gebedsry gewees het, kon daar in die gehoor gewees het, ek weet nie. Maar waar hy ook al gekom het, en Jesus hom die eerste keer gesien het, het Hy gesê: “Aanskou ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!”

Hy het gesê: “Rabbi, wanneer het U my ooit geken?”

100 Hy het gesê: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.” Dit was identifikasie van die karaktertrekke van die gesalfde God.

101 Het gesê: “Rabbi, U is die Seun van God!” Wat was dit? Sy karaktertrekke het Hom geïdentifiseer. Hy het uit die Skrif geweet dat dit daardie gesalfde Man was, God gesalf in die vlees. God was in Christus, het die wêreld met Homself versoen. Hy het gesê: “Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel.”

102 Jesus het gesê: “Omdat Ek dit gesê het, glo jy My? Jy sal groter as dit sien.”

103 Nou, daar was diegene wat bygestaan het, Dit nie geglo het nie. Hulle het gesê: “Hierdie Man is Beëlsebub, Hy’s ’n fortuinverteller.”

104 Jesus het gesê: “Ek vergewe julle daarvoor. Maar wanneer die Heilige Gees gekom het om dieselfde ding te doen, een woord Daarteen sal nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld wat sal kom nie.”

105 Sien, die versoening was nog nie gemaak nie. Sien, daar kon nie wees, jy kan nie hê. . . Jy kan nie in die hel gewerp word voor jy na die oordeel gekom het nie. Hierdie nasie sal dit nie doen nie, God sal ook nie. Sien, jy’s in ’n plek, wag in kettings van aanhouding tot jy oordeel ontvang. En, julle sien, Hy kon hulle nie wegstuur nie, omdat die versoening nog nie gemaak was nie.

106 Maar na Sy dood, begrafnis, en die Teken uit die Bloed na vore gekom het, die Heilige Gees, dan, om Daarteen te spreek, dis ’n onvergeeflike sonde. Net een woord is al wat jy Daarteen hoef te sê, dan is daar nooit vergifnis nêrens nie. Een woord Daarteen, sien, watter groot ding is dit.

107 Nou, so dan vind ons weer uit, dit het Hom geïdentifiseer as die gesalfde Messias. God in Christus, die Versoening vir die laaste dae, Christus wat die versoening maak vir die laaste dae. Nou, oor Natánael, hy—hy—hy het Dit geglo en Hom herken.

108 Daar het ’n vroujie uitgekom na ’n put toe eenkeer daar by Sigar, ’n stad van—van Samaria. Jesus het ’n behoefte gehad om daarlangs te gaan toe Hy op Sy pad was daar, reg teen die heuwel af van Jerusalem af, reg na Jérigo toe, maar Hy het daar by Samaria langs gegaan. Het gesê Hy het “behoefte gehad om te gaan” die Vader het Hom daarheen gelei. Toe hy daarheen gaan, het Hy die dissipels weggestuur. En gaan sit, gewonder, skat ek, wat dit was.

109 Nou onthou, Johannes 5:19, het Jesus gesê: “Voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar net wat Hy die Vader sien doen.” Nou onthou, Hy het nooit een

wonderwerk gedoen, nie wanneer Hy dit *gehoor* het nie, terwyl Hy dit “gesien” het. “Die Seun doen niks voordat Hy die Vader dit eers sien doen nie.”

¹¹⁰ Sien, dit het getoon wat Hy was, daardie Profeet, God-Profeet. Meer as ’n Profeet, Hy was God! Alles wat in die profete was, was in Hom, plus. Die profete het net ’n gedeelte van die Woord gehad. Hy het die hele Woord gehad, Hy was die Woord, in Sy volheid. Maar let op: “God het baiekeer gesprek op baie maniere, deur klein gedeeltes. In hierdie laaste dag, het die volheid van die Woord gekom in Sy Seun Christus Jesus, God wat onder ons vlees geword het.”

¹¹¹ Hierdie vrou tjie, van slegte reputasie, ons noem haar, soms, ’n prostituut. Miskien is die kind op die straat uitgestoot. Soms soos nou, is dit nie heeltemal jeugmisdadigers nie, dis ouermisdadigers, laat die dametjie uitgaan en so optree. Miskien ’n pragtige vrou tjie, sy het daar nadergestap om ’n emmer water te haal, omtrent elfuur.

¹¹² Nou onthou, as julle ooit in die ooste was, hulle het niks verander nie, dis steeds dieselfde gewoontes. Die vroue gaan uit, die maagde gaan vroeg na die put toe en haal hulle water, ’n prostituut of een met ’n slegte reputasie kan nie saam met hulle gaan nie. Hulle sal nie meng nie.

¹¹³ Sy moes kom nadat die res van hulle klaar gemaak het. Sy het gekom, moeg miskien, miskien het sy haar nuwe kêrel, haar man daardie nag gehad. Sy het uitgekome, het hierdie waterkan gehad, sy het dit neergesit. Het dit, die handvat, neergesit, om dit te laat sak, sy het ’n Man hoor sê: “Bring vir My water om te drink.”

¹¹⁴ Sy het soontoe gekyk en sy het ’n middeljarige Man daar sien staan, soort van grys in Sy baard. Hy was net omtrent dertig jaar oud, maar die Bybel het gesê Hy het vyftig gelyk. “U is ’n man van nie meer as vyftig jaar oud nie, en U sê U het Abraham gesien?”

¹¹⁵ Hy het gesê: “Voor Abraham was, IS EK.” Sien? Sien, hulle het Dit nie verstaan nie. Hy het daardie parasiete van Hom afgeskud.

¹¹⁶ Vandag moet ons soebat en pleit, en op die rug geklop en soebat, en oorreed en Christene belowe, om kerk toe te kom, “As hulle kerk toe kom, sal ons so-en-so maak.”

¹¹⁷ Jesus, toe Hy op aarde was, het Hy te veel by Hom gehad. Hy het rondgekyk en die gemeente gesien, Hy wou van hulle ontslae raak, Hy het gesê: “Tensy julle die vlees van die Seun van die mens eet en Sy Bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie.”

¹¹⁸ Kan julle julle ’n dokter voorstel wat daar gesit het? “Wel,” het gesê: “hierdie Man wil hê ons moet ’n menslike vampier wees. Sy Bloed drink? Onsin! Loop julle mense almal weg en laat daardie mal Man alleen.” Hulle het wegge-loop.

¹¹⁹ Hy het Dit nooit verduidelik nie. Hy hoef Dit nie te verduidelik het nie. Hy skud soms jou geloof om te sien wat jy sal doen. En Hy doen dieselfde ding in hierdie dag, ja, laat dit 'n bietjie spookagtig vir jou lyk, om te sien waar jy staan, of jy werklik gló.

¹²⁰ Onthou, daardie dissipels, voorbestem deur God, het nooit beweeg nie. Hulle kon Dit ook nie verduidelik nie, maar hulle wou nie weggaan nie. Dan kom Hy weer, Hy het gesê. . .

Daardie hele vergadering het weggestap, duisende.

¹²¹ Hy het gesê vir die sewentig wat daar sit, Sy predikers wat Hy georden het om uit te gaan en voor Hom te preek, Hy het gesê: “Ek sal hulle skud en sien waar hulle staan.” Toe het Hy gesê: “Wel, wat sal julle sê as julle die Seun van die mens sien opvaar na die Hemel toe vanwaar Hy gekom het?”

¹²² “Die Seun van die mens opvaar na die Hemel toe? Ons vang vis saam met Hom, lê op die rivieroewers saam met Hom. Ons eet saam met Hom. Ons het die krip gesien waarin Hy gebore is. Ons ken Sy moeder, Sy broers. En hierdie Seun van die mens opvaar na die Hemel toe vanwaar Hy gekom het? Hy kom van Násaret af! Dis 'n harde uitspraak.” Hulle het ook weggestap. Hulle het gesê: “Ons kan Dit nie sien nie.” Sien julle? Wat het gebeur? (Het nooit daardie dissipels laat loop nie. Hulle kon Dit nie verduidelik nie). Hulle almal het weggestap. Hy het Dit nooit verduidelik nie. Hy hoef dit nie te gedoen het nie.

¹²³ Vandag het ons kweekhuisplante, genaamd Christene, iemand wat jy moet bespuit en oppiep en ter wille wees: “En sal julle my lidmaatskap gee, sal julle saamwerk, sal julle *dit* doen.” O, julle klomp kweekhuisplante! Ons het 'n bietjie egte Christenskap nodig, gebore uit die Gees van God. En dit sal nie enige samewerking verg nie, niks anders nie, hulle wil niks hê nie.

¹²⁴ Jesus het omgedraai, na daardie dissipels gekyk, gesê: “Sal julle ook gaan? Wil julle ook gaan?” Hy het gesê: “Ek het twaalf van julle gekies, en een van julle is 'n duiwel. Hoekom gaan julle nie ook nie?”

¹²⁵ Toe het Petrus daardie gedenkwaardige woorde gesê: “Here, waarnatoe sou ons kon gaan? Ons is oortuig, ons weet dat U die geïdentifiseerde Fontein van die Lewe is. U het die Woord, en Dit alleen. Ons is oortuig.”

Hierdie vroutjie wat daar staan. Het gesê: “Bring vir My water om te drink.”

¹²⁶ Sy het gesê: “Dis nie gebruiklik nie, ons het segregasie, ons het nie so-iets hier nie.”

¹²⁷ Hy het haar heel gou laat verstaan dat daar geen verskil is tussen die Jood of wat dit ook al was nie. Hy was God. Hy het gesê: “Gaan haal jou man en kom hierheen.”

Sy het gesê: “Ek het nie ’n man nie.”

128 Hy het gesê: “Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamlewe is nie joune nie.”

129 Hou nou daardie vrou dop. Iets het gebeur, daardie klein voorbestemde Saad diep in haar hart!

130 Toe Hy Dit vir daardie Fariseërs gesê het, kyk na hulle, hulle het net uitgewis wat hulle bely het. Hulle het bely om Christene te wees, hulle het bely om volgelinge te wees, hulle het bely hulle het Hom lief. Maar toe die Waarheid gekom het, het Dit hulle uitgewis.

131 Maar toe *dit* gekom het, Dit het tot Lewe gebring, Dit het die swartheid uitgehaal en dit alles wit gemaak. Het gesê: “Waar . . .”

132 Sy het gesê: “Meneer, ek merk dat U ’n Profeet is. Nou, ons het in vierhonderd jaar nie een gehad nie, sien. Ek merk dat U ’n Profeet is. Nou, ons weet dat wanneer die Messias kom, Sy identifikasie sal daardie soort karaktertrek wees, Hy sal hierdie dinge vir ons sê.”

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.”

133 En, daarop het sy die waterkan laat val, in die stad ingegaan en gesê: “Kom, kyk ’n Man wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste karaktertrek van die gesalfde Messias wat die Woord is, wat die gedagtes ken wat in die hart is, nie? Is dit nie die Messias nie?” O, goeiste!

134 Kyk, die vrou met die bloedvloëing, Hy is vir haar geïdentifiseer, aan Sy karaktertrek, dat Hy die Messias was. Die vrou met die bloedvloëing het Hom geïdentifiseer, die Woord.

135 Hebreërs 4:12, het die Bybel gesê dat: “Die Woord van God is kragtig soos ’n tweesnydende swaard, en ’n Onderskeier van die gedagtes wat in die hart is,” (hoeveel weet dit?) “in die gemoed.” Dis wat die Woord is. Glo julle Hy was die Woord? Glo julle Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd? Dit handel dit af, as julle Dit glo.

136 Let op, hierdie vroujie het gesê: “As ek Hom net kan aanraak! Ek gee nie om hoeveel hulle oor Hom sê nie. Ek glo dat Hy net is wat Hy gesê het Hy is. As ek Hom kan aanraak, sal ek gesond gemaak word.” So sy het deurgeglim en Hom aangeraak. Het in die gehoor teruggegaan.

Jesus het gaan staan, en gesê: “Wie het My aangeraak?”

137 En Petrus het probeer om Hom uit te maak asof Hy ’n neuroot is, hy het gesê: “Wel, almal! Moenie sulke goed sê nie, wel, hulle sal nie weet wat om van U te dink nie. ’n Man van U status, en dan te sê: ‘Wie het My aangeraak?’ Almal raak aan U.”

138 Hy het gesê: “Maar Ek het gemerk Ek het swak geword, krag het van My uitgegaan.” Het geweet iets het gebeur!

¹³⁹ Nou kyk, kyk wat kom, die volgende groot skok. Hy het rondgekyk tot Hy haar gevind het, en haar van haar toestand vertel, en haar geloof het haar gered. Sy was . . . Hy is geïdentifiseer as die Woord van God, wat die geheime van die hart ken. O, goeiste! Die Woord onderskei die liggaam, onderskei die hart.

¹⁴⁰ Nou net 'n oomblik, ter afsluiting. Nou, soos Hebreërs 13:8 waar is: “Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd,” glo julle Dit? Nou ek laat 'n klomp hier uit wat ek behoort te sê. Dan, Sy karakter sal Hom nou in hierdie huidige tyd identifiseer, as Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is, net soos Hy toe was. Is dit reg? Hy het dit belowe. En, onthou, Sy karaktertrek is Sy identifikasie. Hoeveel verstaan dit, steek jou hand op. Sy karaktertrek is Sy identifikasie.

¹⁴¹ Soos hulle wat van Émmaüs gekom het, soos ek dit sê. Jesus was gekruisig. Hulle was almal bedroef. Hulle was in die graf, nou het hulle gesê: “Iemand het gekom en Hom gesteel.” Eendag het Hy uit 'n paar bosse uitgestap en saam met hulle geloop, soos Hy daar na Émmaüs gegaan het. En hulle het gesê . . .

Hy het gesê: “Wel julle—waarom is julle so bedroef?”

Hy het gesê: “Wel, U is net 'n vreemdeling hier.”

¹⁴² En toe toe Hy hulle binnekant gehad het, het Hy iets gedoen net soos Hy dit voor Sy kruisiging gedoen het. Dit was Sy karaktertrek om dit op daardie manier te doen. En hulle het Hom gou herken, aan Sy karaktertrek, dat dit dieselfde Jesus was wat gekruisig is. Amen.

¹⁴³ God het Hom uit die dode opgewek, en vandag is Sy karaktertrek soos dit, dieselfde as wat dit toe was! En die terugkerende dae van Sodom, soos Jesus geprofeteer het, sal dieselfde ding plaasvind “wanneer die Seun aan die mense geopenbaar word.” Dis identifikasie van Sy karaktertrek. Hebreërs 4:14 en 15: “Hy is nou ons Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, net soos Hy toe was.” Glo julle dit? Ons swakhede raak Hom. Wel, as dit Hom sou raak, hoe sou Hy optree as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd? Sy karaktertrek sou dieselfde wees. Dan sal Hy optree soos Hy het toe die vrou sy kleed aangeraak het. Glo julle dit? Hy lewe ewig, Hy is ewiglewend, en Sy karaktertrekke identifiseer Hom steeds vandag soos Hy toe was. Glo julle dit met julle hele hart? God, geïdentifiseer deur Sy karaktertrek, identifiseer Hom.

Laat ons ons hoofde buig.

¹⁴⁴ Hemelse Vader, ons is net mans en vroue wat vanaand hier sit. Maar ons hanteer, as't ware, God wanneer ons die Woord hanteer. En, Vader, ek sou bang wees om iets te probeer sê

wat nie hierin is nie. Ek sou bang wees om te probeer om my eie interpretasie Daaraan te gee, want dit kan verkeerd wees. En U het gesê: “Wie ook al een Woord Daaruit sal wegneem, of een woord Daaraan toevoeg, sy deel sal uit die Boek van die Lewe weggeneem word.” Watter nut sal my lewe dan hê, Here, as ek so ’n bouse ding doen? So ek sê Dit net soos Dit is.

145 En Vader, U het belowe dat U Dit sal identifiseer. Ek glo dat U uit die dood opgestaan het, tweeduisend jaar gelede, en vanaand lewe, ’n eenvoudige volk roep net soos U altyd gedoen het, een *hier* en een *daar*; geen groepe, geen organisasies, geen groot maniere van hoe die mens gemaak het nie. Maar U het gesê U sal ’n volk neem uit die Heidene, ’n volk: “Twee in ’n land; Ek sal een agterlaat, een neem. Twee in ’n bed: Ek sal een agterlaat, een neem,” ’n volk hier en daar, om U Naam’s ontwil, die Bruid.

146 Ek glo dat U karakter U identifiseer. U het belowe: “Soos dit was in die dae van Sodom,” so sal dit wees in die dag wanneer U geopenbaar word, die Woord. Die Woord Self, van hierdie uur, is veronderstel om die Woord Self te openbaar, soos wat die Woord na die profete gekom het. En, Vader, ons sien Johannes hier op aarde staan, en daar was die—die Woord wat hy geopenbaar het. En die Bybel het gesê: “Die Woord kom altyd na die profet.” En die Woord was toe vlees, dus het Dit reg in die water ingeloop, na Johannes toe. Die Woord het na die profet gekom.

147 Vader, God, kom vanaand, bid ek, en help ons. Help ons ongelooft. Vergewe ons ons tekortkominge. Genees die siekes en beproefdes. Een Woord van U, Here, sal meer beteken as enigiets wat enige mens kan sê. Spreek U net, Vader, net een Woord sal soveel beteken. Nou, U is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Ons wy onself nou toe aan U. En ons bid dat wanneer ons weggaan en na ons huise gaan vanaand, ons sal sê soos hulle van Emmaüs, toe hulle Hom iets sien doen het om vir hulle te identifiseer dat Hy die opgestane Here is. Maak nie saak hoeveel hulle gesê het nie: “Hulle het Sy liggaam weggesteel, en—en hulle het *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen,” hulle het self geweet dat Hy uit die dood opgewek is. Sal U nie vanaand Uself weer lewend aan ons vertoon, en hulle in hierdie mooi stad en omstreke, wat bestem is tot Lewe, na U roep nie. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

148 Nou, ek gaan julle nou vir omtrent vyftien minute vra. Ons gaan net omtrent tien minute laat wees. Ek gaan gou maak. Ek wil die gebedskaarte uitroep. Ek meen Billy... G, gebedskaarte G, is dit wat aan hulle uitgegee is? G, gebedskaarte G, laat ons een tot vyftien of twintig, so-iets, neem. G, een. Hoeveel... Wie het G, nommer een, gehad, steek op jou hand, kyk of dit hier is. [Leë kol op band—Red.] En,

onthou, hou julle gebedskaarte, daar sal vir julle gebid word. As jy dit nie vanaand kry nie, ons sal daarby kom. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, net hier so gou as wat julle kan, en stap reg hierheen en staan in 'n ry. Goed. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe. Drie kort daar. Sewe, sewe, en een, twee, drie. . . Tel hulle, Roy, vir my. Goed, tien. Goed, een tot tien. Vyftien nou, G, een tot vyftien, dis vyf- . . . of tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien. Goed. Laat—laat ons daar ophou, net hierdie. Goed.

¹⁴⁹ Nou ons—ons probeer woord hou, sien, om teen nege-dertig uit te wees, maar ons gaan dit nie vanaand maak nie, ek—ek—ek weet. Maar nou wil ek hê almal moet die onverdeelde aandag gee.

¹⁵⁰ Nou, as ek die Waarheid gepraat het en julle gesê het dat hierdie dinge veronderstel is om te wees, en hier is dit in die Bybel, dat dit die uur is. Julle kan dalk in 'n ander skool geleer gewees het. So was die Fariseërs. Maar die Bybel het gesê, in daardie dag: “'n Maagd sal swanger word,” Hy. . . Sy het. Hy het gesê die karaktertrekke van die Messias sal so wees. Dit was. Maar hulle het Dit nie geglo nie. Dit het Hom nie daarvan weerhou om ongeag net voort te gaan nie. Net soos dit nou is. Ons lewe in die laaste ure van die laaste dag.

¹⁵¹ Die Wetenskap sê dis drie minute voor middernag. Ek dink dis nou later as dit, amper enige tyd. Kommunisme het die land ondermyn, en predikers het agter Kommunisme in plaas van Christus aangegaan. Dit lyk net na uitgaan en dit probeer veroordeel, waarom nie die uur waarin ons lewe sien nie? Kommunisme, ons het nie. . . My, goeiste! Ek is nie vir kommunisme bang nie. Dis die koms van die Here wat jou onvoorbereid gaan vang, dis wat dit is, vir die kerk. Nou laat almal, laat die hele Amerika na God keer, en kyk wat word van kommunisme. Jy moet die siekte vind, en dan die geneesmiddel kry.

¹⁵² Nou, almal eerbiedig, moet asseblief nie rondbeweeg nie. Nou, hoeveel daarbuite wat nie 'n gebedskaart het nie, en jy wil hê God moet jou genees, steek net jou hand op, sê: “Ek—ek—ek—ek glo.” Maak nie saak waar jy is nie.

¹⁵³ Nou kyk, ek dink dit is lewendig, [Broer Branham blaas in die mikrofoon—Red.] hierdie. Goed. As julle het. . . Kan julle my hoor daaragter? Goed. Goed. Nou hou jy dit dop, Broer Roy.

¹⁵⁴ Nou, een Woord van God sal meer beteken as alles wat ek sou kon sê.

¹⁵⁵ Nou, om hiervandaan te kyk, dis moeilik, dit—dit was altyd. Sien, die ligte is in jou gesig, en dis soort van moeilik om daar te sien om die mense te sien.

¹⁵⁶ En ek weet nie. Ek kan nie een persoon sien nie, werklik, wat ek nou kan sien wat ek ken nie. Ek weet baie van julle is vreemdelinge vir my, steek jou hand op, weet dat ek niks van jou weet nie. Ek skat dis oral. Hoeveel in die gebedsry weet dat ek niks van jou weet nie, steek julle hande op. Daar al langs die gebedsry, as julle my kan hoor, steek julle hande op as—as ek ’n vreemdeling is. Almal.

¹⁵⁷ Nou wat is Hy? Hy’s die Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Daardie vrou wat Sy kleeed aangeraak het, sy kon dalk ook nie ’n gebedskaart gehad het nie, maar Sy het Hom aangeraak en, toe sy het, het iets gebeur. Nou raak julle op dieselfde manier aan, raak Hom aan. Hoeveel weet dat Hebreërs, die 4de hoofstuk, sê: “Hy is nou die Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede”? Hoeveel weet dit? Wel, sal Hy Sy Selfde karaktertrek vertoon? As Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, sal Hy. Goed. Nou, is dit die. . .

¹⁵⁸ Broer Pearry, bring jy hulle nou na my toe. Nou ek wil hê almal moet werklik eerbiedig wees. Net hier, sommer net hier, suster.

Nou, kan julle my hoor? Nou, ek weet nie. Kyk jy wie ook al op die—die ingenieur daar is, want ek weet nie hoe nie.

¹⁵⁹ ’n Visioen. Nou, onthou, ek is nie Messias nie, ek is geen Christus nie. Maar Hy is hier. Dis wat ek probeer om julle te laat sien, Hy’s hier. Hy hou Sy Woord.

¹⁶⁰ Nou, of hierdie vrou siek is, weet ek nie. Ek ken haar nie. Sy’s ouer as ek. Ons is waarskynlik jare uitmekaar gebore, en myle uitmekaar, dit is ons eerste keer dat ons ontmoet.

¹⁶¹ Nou, dis net soos ons Here ’n vrou ontmoet het, in Johannes 4. Ek probeer dit so duidelik maak dat julle nie kan help om dit te sien nie, dan, by die Oordeelsbank, is daar geen bloed op my hande op daardie dag nie. Nou, Jesus het belowe dat in die laaste dae dit weer sal gebeur. Soos ons deur die week gaan, sal julle uitvind. Dis ’n belofte.

¹⁶² Nou, ek ken die dame nie, dit is ’n man en ’n vrou wat vir die eerste keer ontmoet. Nou, as die Here aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, of iemand anders, of wat jy doen, of wat met jou verkeerd is, of wat jy gedoen het, of dit finansies is, huishoudelik, wat dit ook al is, sal dit van ’n bonatuurlike Krag moet kom, want ek ken jou nie. Hoeveel sal daarvan getuig, dat dit deur ’n bonatuurlike Krag sal moet kom? Nou, jy kan soos die Fariseër speel, sê dis ’n. . . (Anderkant om, Broer Roy, sien.) Julle kan soos die Fariseërs speel, en sê: “Dit het ’n bose gees,” wat baie doen. Dis tussen jou en God, dan. Dan het jy hulle beloning. Maar as jy sê: “Dis van God,” dan het jy Sy beloning. (Nou, dis beter. Dankie.)

163 Nou kyk net 'n oomblik na my. Soos Jesus gesê het... Soos Petrus en Johannes deur die Skone Poort gegaan het, gesê het: "Kyk na my." Ek—ek ken jou nie. En nou as die Heilige Gees, Iemand behalwe ek, sal kom en openbaar wat in jou hart is, dan het die Bybel gesê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n Onderskeier van die gedagtes, oorlegginge van die hart." Dis presies wat die Bybel sê. Nou, dit openbaar die geheim van die hart. Nou, dit sou die karaktertrek van God wees, die Woord gemanifesteer in hierdie dag. Hoeveel glo dit nou? Nou sien julle wat dit is?

164 Nou ek het dit gepreek, julle daarvan vertel, maar is dit waar? Dis die volgende ding, sien. Nou, as dit waar is, elkeen van julle... As dit nie waar is nie, sal sy dit weet. Sekerlik, sy sal dit weet. Julle sal dit ook weet. Maar as dit nie waar is nie, dan het ek—ek—het ek verkeerd getuig oor Christus. As dit Waar is, behoort elkeen van julle julle harte aan Hom te gee, behoort Hom met julle hele hart te glo, en na bo reik en Hom aanvaar vir waaraan julle ook al behoefte het. Dis waar.

165 Nou mag die Heilige Gees Homself identifiseer in die Naam van Jesus Christus. Nou, ek het geen idee waarvoor jy hier is nie. Jy lyk net soos 'n aansienlike, moederlike soort vrou wat daar staan, en dis al wat ek van jou weet. Maar die Heilige Gees kan openbaar waarvoor jy hier is, wat jou probleem is, of iets. Jy sal weet of dit die waarheid is of nie. Nou, jy's, wat dit is waarvoor jy gebed wil hê, is iets soos die spiere in jou gesig. Dis neurologie, soos, in jou gesig. Nou, as dit reg is, steek jou hand op. Glo jy?

Nou, nou, julle sê dalk: "Hy het dit net geraai."

166 Nou, sy's 'n goeie persoon. Nou, kyk net hier vir 'n oomblik, suster. Ek weet nie wat Hy vir jou gesê het nie. Maar wat dit ook al was, dit was waar. Jy, jy's nou 'n getuie daarvan, is jy nie? [Die suster sê: "Dis reg."—Red.] Dis reg. ["Twintig jaar lank."] Goeiste! Glo jy dat God jou daarvan sal genees? Nou, jy weet Dis Sy Teenwoordigheid, daar's iets hier wat jou ken, iets. Soos Jesus vir die vrou gesê het, Hy het geweet waar haar probleem was, nou het Hy geweet waar jou probleem is.

167 En dit lyk asof jy belas is oor iemand anders. Dis jou... Dis 'n man, dis jou man. Hy's ook hier. Dis reg. En—en glo jy dat God jou man se probleem aan my kan openbaar? [Die suster sê: "Ja, ek glo."—Red.] Hy's 'n regtige siek man, hy het komplikasies. Een ding wat hom hinder is hartprobleme. Hy het 'n hartprobleem. As dit reg is, steek jou hand op. ["Dis reg."] Hy het ook 'n breuk. ["Dis reg."] Dis reg. Sien? Dit reg? Ja. Regtig senuweeagtig, ja, regtig senuweeagtig. Dis waar, is dit nie? ["Ja."]

168 As Jesus aan my sal openbaar! Hy het vir Petrus gesê wie hy was. As Hy aan my sal openbaar wie jy is, sal jy glo dis Hy?

[Die suster sê: “Ja.”—Red.] Jy’s nie hiervandaan nie. [“Nee.”] Jy kom van oos van hier af, jy’s van Louisiana. [“Reg.”] Dis reg. Reg. En jou naam is Mev. Coleman. [“Dis reg.”] Keer terug huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. Jou geloof bewerk jou genesing.

¹⁶⁹ Glo nou. Glo julle met julle hele hart? Jesus Christus wat Homself identifiseer in Sy opstanding! Sien julle wat ek bedoel? Nou, enigeen wat ’n normale verstand het, weet dat geen menslike wese dit kan doen nie.

¹⁷⁰ Nou, julle daarbuite, sê julle vir God so: “Ek—ek—ek weet die man ken my nie, so ek gaan vir iets bid. Here, kan ek U kleed aanraak? As dit is, dan het U Uself geïdentifiseer in U opstanding. Draai om, laat my U aanraak, en dan spreek U deur hom tot my.” Kyk wat gebeur. Probeer dit net.

¹⁷¹ Aangename kennis, meneer? Sal jy hierlangs net ’n bietjie nader kom? Daar’s mense daar agter jou, sien.

¹⁷² Alles nou, dis jou elke—elke gees, is net soos ’n polsing. Jy vang dit op, sien, weet ook wat hulle dink, en dit raak, sien, jy raak heel deurmekaar.

¹⁷³ Glo jy ek is Sy dienskneg? Glo jy dat Christus aan my kan openbaar waarvoor jy hier is? Onthou, ons gaan by die Oordeelsbank ontmoet eendag, en rekenskap gee van hierdie aand. Jy’s bewus daarvan? Jou probleem, een van hulle, is in jou rug. Jy het baie probleme. Jy het ’n rugprobleem. En jou oë is aan die ingee, jy het oogprobleme. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, jy doen ook iets waarvan jy ontslae wil raak. Is dit in orde as ek dit noem? Jy wil daardie rokery los. En—en nog iets, jy het. . . jy voel dat dit die ding is wat jou verhinder het om die Heilige Gees te ontvang. Nou jy wil die Heilige Gees ontvang, dis ’n begeerte in jou hart. Dis reg, wuif jou hande so. Wel, dit het jou nou verlaat, gaan, ontvang die Heilige Gees, en wees genees. God seën jou, meneer.

¹⁷⁴ Glo julle? Nou wees asseblief regtig eerbiedig. Nou ons raak nou regtig laat, sit net stil net ’n oomblik.

¹⁷⁵ Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar. [Die suster sê: “Ja.”—Red.] Die Here Jesus ken ons albei. Nou moenie bang wees nie, sien, jy’s soort van. . . Sien, ontspan net, Dis Sy Teenwoordigheid. Sien, dit is dit. Dis Sy Teenwoordigheid. Nou jy het ’n werklik vreemde gevoel, snaaks, soort van aangenaam, nederige soort gevoel. Sien? Nou, om in die teenwoordigheid van ’n mens te staan, sou jou nie so laat voel het nie.

¹⁷⁶ Hoeveel het ooit daardie Lig gesien, daardie Ligkolom, Vuur? Dit is net hier in Texas afgeneem, die eerste keer, tweede keer. Dit hang reg by die vrou, sien, nou in hierdie dimensie. Ek wens julle wou net. . . as julle net sien.

¹⁷⁷ Wanneer julle begin beweeg, dis wat dit doen, sien. Móre-aand sal ons hierdie gebedsry teen nege-uur hê, sien, ek—ek hou julle te lank. Laat ons dan hierdie een vrou neem. Net 'n oomblik.

¹⁷⁸ Glo jy, wat daar sit? Ja, vir daardie swakheid waarmee jy gepla word, dis wat verkeerd is. Sien? Wat het sy aangeraak? Ek ken nie die vrou nie. Sy het die Hoëpriester aangeraak. Maar, sien, ek het my rug na haar gehad, net soos dit in Abraham se tyd gedoen het. Hier, kyk hiernatoe, suster, net 'n oomblik. Dit lyk of jy 'n las op jou hart het. Dit is. Dis jou dogter daaragter. Sy het probleme met haar ore. Dis reg. Glo jy nou met jou hele hart? Goed, glo nou net, en sy sal gesond word.

¹⁷⁹ Sien wat ek bedoel? “As jy kan glo, is alle dinge moontlik.” Glo julle?

¹⁸⁰ Daar's 'n dametjie, het haar hand laat sak daaragter, sy kyk reguit na my. Sy ly aan diabetes. Glo jy dat God daardie diabetes sal genees, wat daar sit? Goed, jy kan dan kry waarvoor jy vra. Glo net.

¹⁸¹ Dame daar oorkant jou, het kolonprobleme en blaasprobleme. Glo jy dat God dit sal genees, dit gesond sal maak? Goed, jy kan kry waarvoor jy vra. Die dametjie se hand. Sien, nou kyk, vra haar net, iets regtig aangenaam het haar getref. Sien, haar geloof, dis wat dit doen. Dis nie ek nie. Dis God.

¹⁸² Hier, hier's 'n man wat reg hier op die punt sit. Hy het bronchiale probleme, hierdie ouerige man wat net hier sit en na my kyk. Glo jy dat God dit sal genees, meneer? Daardie een wat langs jou sit, ly aan 'n ontsteking in haar liggaam. Dis reg, suster, wuif jou sakdoek as dit reg is. Goed. Goed, lê julle almal hande op mekaar, glo met julle hele harte. Vader en dogter, so waarom nie? Lê julle hande op mekaar en glo met julle hele hart, Jesus maak julle gesond.

Ek—ek daag julle geloof uit om dit te glo!

¹⁸³ Die dame wat daar reg agter hom sit, ly aan 'n maagprobleem. Glo jy God sal jou gesond maak, dame? Dis jou probleem. As dit reg is, staan op op jou voete sodat die mense kan sien. Sien? (Aan wie raak hulle daar?) Sê, ek misgis my nie, daar sit jou moeder daar langs jou. Sy het 'n ontsteking in haar ingewande. Glo jy dat God dit sal genees, dame? Staan ook op, en word genees.

¹⁸⁴ Glo! Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy identifiseer Homself. Glo julle ek is Sy profeet, of dienskneg? Dit laat mense struikel, sê “profeet,” en hulle verstaan nie.

¹⁸⁵ Kyk hier. Glo jy met jou hele hart? Jy ly aan uiterste senuweeagtigheid. Glo jy ek kan jou sê wat dit veroorsaak het? Jy het 'n motorongeluk gehad. [Die suster sê: “Dis reg.”—Red.]

Dis reg. Dis reg, motorwrak, en dit het jou rug seergemaak en in jou skouer ingegaan. Is dit reg? Dit gaan jou nou verlaat. Net die tyd van die lewe wat dit ook gehinder het, vererger het, maar jy gaan regkom. Gaan, glo met jou hele hart. Jesus Christus sal jou gesond maak, as jy glo. Amen.

¹⁸⁶ Glo jy? Glo jy Hy kan artritis genees? Wel, hou dan net aan loop, Hy sal jou gesond maak.

¹⁸⁷ Hoeveel glo met julle hele hart, sê: “Ek glo waarlik met my hele hart”? “As jy kan glo!”

¹⁸⁸ Glo jy Hy genees diabetes en maak mense gesond met suikersiekte, en genees hulle? Glo jy dit? Stap net voort, sê: “Here, ek dank U daarvoor.” Glo met jou hele hart, en jy sal genees word.

¹⁸⁹ Hoeveel glo nou daarbuite, met julle hele hart? Moenie, sien, julle beweeg rond, julle versteur Dit, vriende. Ek sal vir julle sê, hoeveel glo? Steek net jou hand op, sê: “Ek glo met my hele hart.”

¹⁹⁰ Nou ek gaan julle vra om iets te doen. Nou, as Jesus Sy Woord gehou het, en glo dit, en het dit vir julle bewys, Jesus het ook dit gesê, Sy laaste opdrag aan Sy Kerk: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.” Nou hoeveel glo? Hy het gesê: “As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.” Glo julle daardie belofte? Lê dan jou hande op iemand langs jou.

¹⁹¹ As Hy jou nie genees nie, sal jy sterf. Jy’s oorskadu. Maar Jesus Christus maak jou gesond. Glo jy dit? Goed, sit jou . . . gaan voort en glo nou, en jy sal gesond word.

¹⁹² Kom dame. Glo jy dat God daardie TB en diabetes sal genees, jou gesond sal maak? Neem . . . Goed, gaan, glo met jou hele hart, en word gesond.

¹⁹³ Bid, bid julle vir mekaar? Lê julle hande op mekaar, laat ons net bid, almal saam. Almal lê julle hande op mekaar. Dit word laat. Sit julle hande op mekaar, en laat ons bid.

¹⁹⁴ Here Jesus, ons is seker dat God Homself identifiseer onder Sy mense. Sy karaktertrekke, as dieselfde gister, vandag, en vir altyd, manifesteer hulleself. O Here God, U Wat die belofte van die Woord gemaak het, U het gesê: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.” Hierdie mense het getuig om gelowiges te wees, die gelowiges in die opgewekte Jesus Wat Homself nou identifiseer deur Sy selfde karaktertrek wat Hy was toe Hy hier op aarde was, die Skrifte positiewe Waarheid maak, dat Hy dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd. Here Jesus, met hierdie gelowiges met hulle hande op mekaar, in die Goddelike Teenwoordigheid van die opgewekte, geïdentifiseerde Seun van God Wat vanaand weer vlees word onder ons in die vlees

van Sy gelowiges, beveel ek elke onrein gees, elke krankheid en siekte, om uit hierdie mense weg te gaan, soos wat hierdie gelowiges hulle hande op mekaar het. In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees.

¹⁹⁵ Almal wat hulle genesing nou sal glo, wat dit nou glo, in die geïdentifiseerde Teenwoordigheid van die opgewekte Seun van God, dat julle glo dat julle versoek aan julle gegee is, en dieselfde ding sal identifiseer, staan op julle voete en sê: “Ek aanvaar dit met my hele hart.” Staan op, almal, in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, wat sal glo. Prys Hom! Gee Hom lof en heerlijkheid. Steek net julle hande op en gee Hom dank. God sal elke belofte bevestig wat Hy gemaak het.



GOD WORD GEÏDENTIFISEER AAN SY KARAKTERTREKKE AFR64-0311

(God Is Identified By His Characteristics)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 11 Maart 1964, by die Munisipale Ouditorium in Beaumont, Texas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org